

1	GEBED
----------	--------------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] JEREMIA 1, 2, 4 en 10
----------	-------------------------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jeremia 1, 2, 4 en 10). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	[GOD SE BRONNE] (3) JESAJA 41:10
----------	--------------------------------	---

Repeteer/Herhaal twee-twee.

(3) God se krag. Jesaja 41:10. Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.

4	ONDERRIG (85 minute)	[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE SLAAF WAT NIKS VERDIEN NIE
----------	-----------------------------	---

“Die gelykenis van die slaaf wat niks verdien nie” in Lukas 17:7-10 is ’n gelykenis oor DIENSLEWERING IN GOD SE KONINKRYK.

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees Lukas 17:7-10.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Baas en slaaf. Die verhaal beskryf die tipiese verhouding tussen dienare of slawe en hul baas in die tyd van Jesus Christus. Die verhaal gaan oor ’n eienaar van ’n klein boerdery. Hierdie eienaar het maar één dienaar of slaaf. Hierdie slaaf het gedoen wat aan hom opgedra is om te doen. Die baas (eienaar) het hom nie geprys of gedank vir die werk wat hy verrig het nie.

Jesus vertel die verhaal letterlik in die vorm van ’n aantal vrae, om so sy toehoorders te dwing om na te dink. Die eerste vraag is: “Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: “Kom eet eers gou?” Ons verwag die antwoord: “Nee, die baas sal sy slaaf nie vra om saam te eet nie (en sal hom nie bedien nie).”

Die tweede vraag is: “Sal hy vir hom sê: ‘Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien my terwyl ek eet en drink?’” Die verwagte antwoord is: “Ja, die baas sal sy slaaf verskillende opdragte gee om te doen.”

Die derde vraag is: “Hy sal sy slaaf mos nie bedank nie, omdat hy gedoen het wat hy verplig was om te doen?” Die verwagte antwoord is: “Nee, die baas sal sy slaaf nie bedank nie.”

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of

beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 17:1-6,11-19.

Die konteks van hierdie gelykenis bestaan uit drie dele: 'n ernstige waarskuwing, 'n groot bemoediging en 'n teenoorgestelde voorbeeld. Jesus het sy dissipels onderrig gegee. Ook ander mense het daarna geluister, bv. die Fariseërs (Lukas 16:1,14; 17:20). Die ernstige waarskuwing word nie alleen aan die dissipels gerig nie, maar ook aan die nie-Christene.

Die ernstige waarskuwing om 'n ander persoon nie te laat struikel in die sonde nie (Lukas 17:1-4). In Lukas 16 het Jesus mense gewaarsku om nie in die hel te beland nie. Die hel is 'n vreeslike plek (Lukas 16:23-24) en as iemand eers daar is, dan is ontsnapping onmoontlik (Lukas 16:26-31)!

Daarom moet mense op hul hoede wees, sodat hul woorde en daede nie ander mense mislei nie sodat hulle vir ewig verlore gaan (Lukas 17:1). Versoekings (verleidings) sal natuurlik kom, omdat dit in de aard van die sonde lê om sig uit te brei. Maar dis 'n ernstige saak as iemand self die oorsaak van die versoeking is! Dit is 'n kwalike saak wanneer 'n mens één van die minste van die volgelingen van Jesus Christus laat sondig, d.w.s., doelbewus in 'n val laat loop of 'n struikelblok in sy pas lê om hom tot 'n sonde te verlei. Jesus spreek 'n profetiese vloek uit ("wee!") oor alle mense wat doelbewus ander mense tot sonde verlei en hul nie van hierdie kwaad wil bekeer nie (Matteus 18:7). Dink aan wat Jesus in Matteus 13:41 sê oor mense wat ander mense laat sondig. Dit word as iets ernstigs beskou omdat deur die doelbewuste verleiding (versoeking) van die duivel die sonde in die wêreld ingekom het (Genesis 3:1-6). En deur verleidings (versoekings) versprei die sonde oor die hele wêreld (1 Timoteüs 6:9-10). Nog God se ewige Woord, nog die feite in die geskiedenis gee mense 'n verontskuldiging vir die baie ernstige oortreding ander mense te verlei (versoek) om kwaad te doen (Lukas 22:22; Handeling 2:23).

Ook Christene moet op hul hoede wees, sodat hul onbedagsame woorde en daede nie ander tot sonde verlei nie (Matteus 18:7). 'n Mens wat ontdek dat hy ander mense deur sy woorde en daede tot sonde verlei, moet radikale stappe onderneem om hierdie kwaad uit sy lewe uit te roei (Matteus 18:6,8-9). Alhoewel dit nou nog nie moontlik is om alle versoekings (verleidings) heeltemal uit die wêreld te roei nie, is dit deur God se genade moontlik om ander mense nie doelbewus tot sonde te verlei nie (Psalm 1:1; 1 Korintiërs 10:13).

Daarom moet 'n Christen voortdurend op sy lewe let. Hy moet op sy hoede wees dat hy niemand doelbewus in een of ander sonde laat struikel nie (Lukas 17:1-3). Hy moet sy lewe in afhanklikheid van Jesus Christus lewe (Johannes 15:5), dikwels die Heilige Gees vra om hom van enge sonde te oortuig waarvan hy hom moet bekeer (Johannes 16:8). Hy moet nederig wees as iemand een of ander kwaad in sy lewe aanwys. Christene moet ook op mekaar se lewe bly let. As 'n Christen 'n sonde begaan, moet hy onder vier oë tereggewys word (Matteus 18:15-17). As hy spyt kry, moet hy vergewe word (Lukas 17:3-4). Netsoos dit verkeerd is om 'n ander doelbewus tot sonde te verlei, so is dit verkeerd om 'n mens wat hom bekeer nie te vergewe nie. Hierdie proses om sonde tereg te wys en 'n berouvolle sondaar te vergewe, moet nooit ophou nie (Lukas 17:4). Om 'n ander mens te veroordeel (te verdoem) word verbied (Matteus 7:1-2), maar om hom tereg te wys wanneer dit regtig nodig is, word beveel (Lukas 17:3; 1 Korintiërs 5:9-13). 'n Sondaar oorwin wanneer hy hom van sy sonde bekeer. En 'n mens teen wie onreg gepleeg is, triomfeer wanneer hy sy vyand vergewe en aan hom barmhartigheid bewys (Lukas 17:3-4; Jakobus 2:12-13).

Die groot aanmoediging is aangaande geloof wat God se take vervul (Lukas 17:5-6). Om ander mense nie tot sonde te verlei nie en hulle steeds weer te vergewe, verg moed, krag en liefde! En om sulke moed, krag en liefde te ontvang, verg geloof! Om te glo dat God hierdie moed, krag en liefde gee as 'n mens daarom bid, verg meer geloof dan wat die dissipels gedink het dat hulle besit (Lukas 17:5). Maar Jesus bemoedig hulle en ons om nie ontmoedig te word nie.

Geloof, hoe klein dit ook al mag wees, sal groei wanneer dit beoefen word! Geen opdrag wat God of Jesus gee, is onmoontlik om uit te voer nie, solank ons 'n verhouding van geloofsvertroue met God bly hou (Lukas 17:6). Ons moet glo dat by elke opdrag wat God ons gee, Hy ook moed, krag en liefde gee sodat ons in staat is om die opdrag uit te voer. Wat belangrik is, is nie die hoeveelheid geloof nie, maar dat ons 'n verhouding van geloofsvertroue met God (Christus) het. Oprek geloof, hoe klein dit ook al mag wees, sal groei wanneer dit gebruik en beoefen word.

In hierdie verband gee Christus die opdrag om na te laat om ander mense tot sonde te versoek (verlei) en om ander wat teen ons gesondig het, te vergewe. Hoewel hierdie opdrag baie moeilik is om uit te voer, kan ons dit met God se moed, krag en liefde uitvoer. Dit is wat ons moet *glo*! Die melaatse mense in Lukas 17:11-19 het in geloof gereageer op die opdrag van Jesus Christus aan hulle Jesus Christus het hulle genees terwyl hulle nog onderweg was. Hul geloof in Jesus Christus was so sterk dat hulle op sy opdrag gehandel het voordat hulle enige bewys gesien het dat dit sou werk (sien Lukas 7:1-10).

Die daaropvolgende voorbeeld is aangaande die houding van 'n Samaritaanse melaatse. Die eerste saak is dat die dissipels gewaarsku word dat hulle met hul opdrag ander mense nie in sonde moet laat struikel nie. Die tweede saak is dat die dissipels bemoedig word dat hul geloof hul in staat sou stel om elke opdrag van God uit te voer. Maar die

derde saak bly nog 'n vraag, “met watter houding moet die dissipels op pad gaan om met hul verskillende opdragte te dien? Die vraag word beantwoord in die gelykenis van die wat niks verdien nie in Lukas 17:7-10 en ook in die teenoorgestelde voorbeeld wat op die gelykenis in Lukas 17:11-19 volg. Lukas beskryf hoe tien melaatse mense genees is toe hulle gedoen het wat Christus hulle opgedra het. Maar slegs één melaatse het teruggekeer om die Here vir sy genesing te dank. Dit is moontlik dat hierdie gebeurtenis die teenoorgestelde houding is van die houding van die slaaf wat niks verdien in die gelykenis nie.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 17:7-9.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 17:10.

Jesus het gesê: “So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.” Die uitleg of toepassing het niks met die baas te doen nie, maar wel met die slaaf. Die slaaf in hierdie gelykenis het gedoen wat hy moes doen. En in die toepassing moet die dissipels van Jesus Christus ook nadat hulle gedoen het wat hulle verplig was om te doen, sê: “Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.”

Die sleutelwoorde in die uitleg is: “slawe wat niks verdien nie (Grieks: douloi achreioi)” en “gedoen wat ons verplig was om te doen”. Weens gebrek aan meer informasie in die konteks, is daar twee moontlike verklarings en twee moontlike toepassings in hierdie gelykenis . Beide verklarings en toepassings het betrekking op die houding waarmee die slaaf (dienaar) sy opdrag uitvoer .

Die eerste uitleg lê die nadruk op dienslewering met die houding van 'n slaaf. In die verhaal van die gelykenis, doen die slaaf *alleen* maar wat hom opgedra is. Alhoewel niks verkeerd is met sy gehoorsaamheid nie, was sy houding verkeerd! Hy doen alleen wat van hom verwag/gevra word. Die daaropvolgende opdrag aan die slaaf impliseer dat die slaaf op 'n nuwe opdrag gewag het. *Die houding van 'n slaaf* wat hom beheers het, laat hom alleen doen wat van hom gevra/verwag word – niks minder en niks meer nie! Nadat hy sy taak verrig het, het hy alleen maar gestaan en wag op 'n nuwe opdrag van sy baas. Self het hy geen inisiatief geneem om te dien nie! Hy was 'n koel berekenaar wat hom voorgeneem het *om die minimum van die letter van die wet uit te voer!* Sy hart was glad nie in sy dienslewering nie. Hy het sy plig gedoen met die houding van 'n slaaf. Hy doen niks met sy hele hart nie, niks met ywer of toewyding, niks uit dankbaarheid en niks met vreugde nie! Geen wonder dat sy baas hom nie bedank het vir sy gehoorsaamheid nie!

Die toepassing van die gelykenis is dan die volgende: Wanneer Christene alleen maar doen wat van hulle gevra/verwag word, dan moet hulle vir hulself sê dat hulle nie werd is om te bedank nie, omdat hulle niks meer as hulle plig gedoen het nie! Hulle moet hul dienslewering (bediening) as onwaardig beskou: hulle verdien geen lof, geen aanbeveling en geen beloning vir hul dienslewering van hul baas nie, omdat hulle niks meer as hul plig gedoen het nie.

Wanneer Christene in God se koninkryk dien, moet hulle hierdie houding van 'n slaaf loslaat! Hul dienslewering moet met hul hele hart wees, ywerig en buitengewoon. Netsoos Jesus in Matteus 5:20 sê, “As julle geregtigheid (ANV: getrouheid aan die wet)(Grieks: dikaiosuné) nie meer (Grieks: perissos vervang pleión) inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie” (sien Matteus 5:47-48).

Lukas stel die houding van die slaaf wat niks verdien teenoor die houding van die Samaritaanse melaatse wat genees is. Die slaaf wat niks verdien nie het alleen maar sy plig gedoen (Lukas 17:7-10), terwyl die Samaritaan méer as sy plig gedoen het (Lukas 17:11-19)! Alhoewel Jesus alle tien melaatses genees het, het slegs één van hulle teruggekeer om God te dank en te eer vir sy genesing. Alle tien melaatses het hul plig gedoen, d.w.s., hulle het gedoen wat Jesus Christus aan hulle opgedra het. Maar alleen één van hulle het méer gedoen. Hy het vrywillig teruggekom om God te dank en te loof! In die gelykenis val Jesus Christus die wettiese houding van die Fariseërs in hulle manier van dienslewering aan. Christene behoort God met hul hele hart en vwerig te dien deur méer te doen dan alleen maar hulle plig!

Die tweede uitleg lê die nadruk op dienslewering met 'n nederige houding. In die verhaal van die gelykenis doen die slaaf wat van hom gevra word. Alhoewel niks verkeerd is met sy gehoorsaamheid nie, was daar iets verkeerd met sy houding! Hy het gedien met die verwagting dat hy iets van sy baas sou ontvang! Die vrae in die verhaal kan impliseer dat die slaaf een of ander verdienste of beloning vir sy dienslewering verwag het. Hy was oorheers deur 'n hoogmoedige houding of 'n houding van oordrewe eiewaarde. Hy het verwag dat sy baas hom vir sy dienslewering sou beloon. Hy het geredeneer dat sy baas 'n kompliment of 'n beloning vir hom sou gee vir sy harde werk die hele dag en moes sien dat hy aan die einde van die dag ook rus en ontspanning nodig het. Sy baas kon hom minstens bedank vir sy werk. Hy het geredeneer dat hy meer as sy plig gedoen het en dat hy 'n beter behandeling deur sy baas verdien en selfs 'n beloning of opslag verdien! As die slaaf dit gedink het, dan het hy 'n hoogmoedige houding en oordrewe selfdunk!

Die toepassing van die gelykenis sou dan moet wees dat wanneer Christene God gehoorsaam, hulle vir hulself moet sê dat hulle geen dank, aanbeveling, verdienste of beloning vir hulle dienslewering waardig is nie. Hulle behoort hul dienslewering as 'n voorreg te beskou en nie as iets wat beloon moet word nie. Christene verdien niks as hulle aan God gehoorsaam is nie of God dien nie. Gehoorsaamheid is nie iets ekstra wat Christene doen nie, maar 'n onafskeidelike onderdeel van hul geloof en opdrag! In hierdie gelykenis sê Jesus nie dat dienslewering sinloos of waardeloos is nie en Hy verwerp ook nie belonings nie. Maar Jesus Christus val die onredelike geestelike hoogmoed en oordrewe selfdunk van die slaaf aan. Christene behoort God te dien met 'n gees van nederigheid sonder om 'n beloning te verwag.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

In hierdie gelykenis gee Jesus aan geen detail enige spesiale betekenis nie.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die slaaf wat niks verdien nie in Lukas 17:7-10 gaan oor “dienslewering in die koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Christene behoort te strewe om waardige dienare te wees wat meer as hul plig doen.” Christene moet nie die houding van 'n slaaf hê wat met teësin alleen doen wat hy verplig is om te doen. Hulle behoort vrywillig, met hul hele hart, ywerig en met vreugde meer te doen dan wat van hulle gevra word (1 Petrus 5:2). Hulle behoort te dien met 'n houding van liefde en dankbaarheid. Die houding van 'n slaaf word in die koninkryk van God glad nie aanbeveel nie.

Of die belangrike boodskap van hierdie gelykenis kan die volgende wees: “Christene moet hulself as onwaardige slawe beskou wat met hul hele hart hul opdrag uitvoer.” Christene behoort nie te dien met 'n hoogmoedige houding wat dink dat hulle 'n aanbeveling, dank of beloning verdien nie. Hulle behoort hul dienslewering te beskou as 'n groot voorreg, sonder iets vir hul gehoorsaamheid terug te verwag. Ook moet hulle dien met 'n gees van nederigheid. 'n Hoogmoedige houding kry in die koninkryk van God geen aanbeveling nie (sien 1 Petrus 5:5-6).

Om te dien is een van die fundamentele kenmerke van God se koninkryk! Die ware burgers in God se koninkryk dien deur meer dan hulle plig te doen en dien sonder om iets vir hul gehoorsaamheid te verwag

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Die nuttelose slaaf en die slaaf wat niks verdien nie.

Lees Matteus 25:30. Dieselfde woorde “nuttelose slaaf” (Grieks: achreion doulon) word in beide Bybelgedeeltes gebruik. Die slaaf in Matteus 25:30 was 'n nuttelose slaaf, omdat hy niks met die opdrag wat aan hom toevertrou was, gedoen het nie. Hy is in die hel gegooi.

Maar die slaaf in Lukas 17:10 was 'n slegte slaaf, omdat hy niks meer as sy plig gedoen het nie. Hy kry geen enkele aanbeveling van sy baas nie.

(2) Die buitengewone dienaar.

Lees Matteus 5:20,23-24,40-48. Dit is 'n vergelyking tussen die gelykenis en die Bergrede van Jesus Christus. In Matteus 5:20 sê Jesus, “As julle geregtigheid (ANV: getrouheid aan die wet) nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.” Die koninkryk van God word nie gekenmerk deur die gewone, maar deur die buitengewone! Die burgers van God se koninkryk doen méér dan die gewone! Hulle doen meer as alleen maar hul plig!

Byvoorbeeld, in Matteus 5:23-48 is “die gewone” om geen moord te pleeg nie en selfs nie eers op 'n onheilige manier kwaad te word nie (wat as geestelike moord beskou word). Maar “die buitengewone” is om die inisiatief te neem en jou te versoen met almal wat iets teen jou hou! “Die gewone” is om eerlik en billik te wees en 'n slegte mens met 'n regverdige oordeel te straf. Maar “die buitengewone” is om die slegte mens nie te weerstaan nie en sy wangedrag te verdra! “Die gewone” is om een kilometer te loop en die bekapping van 'n soldaat te dra wanneer hy jou dwing om dit

te dra. Maar “die buitengewone” is om ook die tweede kilometer sy bepakking te dra! “Die gewone” is om aan iemand te gee wat hy van jou vra. Maar “die buitengewone” is om hom meer te gee dan hy vra! “Die gewone” is om jou broers te groet, om mense lief te hê wat jou ook liefhet en goed te doen aan mense wat ook aan jou goed doen. Maar Jesus Christus sê: “Wat doen julle meer as ander?” (Matteus 5:47)? “Die buitengewone” is om onbekende vreemdelinge (bv. buitelanders, vlugtelingen) te groet, om jou vyande lief te hê, goed te doen aan wie jou haat, te seën wie jou vervloek en te bid vir wie jou mishandel of vervolg (Lukas 6:27-28)! Jesus Christus verwag dat Christene méér doen as hulle godsdienstige plig (soveel keer per dag te bid, soveel te vas en soveel te gee) en meer doen dan heidense humaniste. Die burgers van God se koninkryk word gekenmerk deur “die buitengewone”, deur méér te doen dan alleen maar hul plig (ook godsdienstige plig)! En Christene doen die buitengewone volkome vrywillig, met hulle hele hart, ywerig, oorvloedig en met vreugde!

(3) Die dankbare dienaar.

Lees Lukas 17:11-19. Dit is ’n vergelyking tussen die gelykenis en die gedeelte wat daarop volg. In Lukas 17:11-19 vra Jesus, “Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan? Is daar niemand anders wat omgedraai het om God die eer te gee behalwe hierdie vreemdeling?” Al tien melaatses het hulle plig gedoen: hulle het presies gedoen wat Jesus gesê het. Maar alleen één van hulle het méér gedoen as wat van hom gevra is! Hy het teruggekeer na Jesus, God met ’n luide stem geprys en Jesus bedank vir wat hy aan hom gedoen het! Hy het presies die teenoorgestelde gedoen as die slaaf wat niks verdien nie en wat alleen maar ’n kille berekening gemaak het. Hy het méér gedoen dan wat van hom gevra is! Hy het méér gedoen dan alleen maar sy plig! So behoort die burgers van die koninkryk van God ook méér te doen as wat Jesus Christus van hulle vra! En hulle doen dit met ’n gees van lofprysing en dankbaarheid.

(4) Die nederige dienaar.

Lees Lukas 12:37; 22:27. Dit is ’n vergelyking tussen die gelykenis en die voorbeeld van Jesus self. In die gelykenis van die wakker (en waaksame dienaar) in Lukas 12:37 beloof Jesus, “Gelukkig is die slawe vir wie die eienaar by sy koms wakker (en wakend) sal aantref. Dit verseker Ek julle: Hy sal hulle aan tafel laat sit, self ’n voorskoot aansit en hulle kom bedien.” En in Lukas 22:27 sê Jesus, “Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien.” Jesus Christus spreek met sy voorbeeld nooit teen Homself nie! Hy doen self wat Hy aan ander leer! Hy verkondig om te dien en dien self. In Johannes 13 het Hy die voete van sy dissipels gewas en toe gesê: “Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen” (Johannes 13:15). So behoort die burgers van die koninkryk van God te dien met ’n nederige houding en deur hul voorbeeld aan ander.

(5) Die opregte dienaar.

Lees Kolossenzen 3:22-24. In Kolossense 3:22-24 waarsku Paulus Christendienaars of slawe om nie alleen hul eenaars te dien wanneer hulle na hulle kyk om so hulle guns te wen nie. Hy vermaan hulle om met ’n opregte houding te dien en met ontsag vir hul meester. So behoort die burgers van die koninkryk van God alles met hulle hele hart te doen en met ’n opregte hart uit eerbied vir die Here.

6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Alle mense moet weet hoe God en Jesus Christus is.

Jesus Christus was self ’n Denaar onder ons! Hy het nie na die aarde gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as ’n losprys vir baie te gee (Markus 10:45). Jesus Christus het ’n spesifieke opdrag (’n taak met verantwoordelikhede) aan elke Christen toevertrou waarmee hy die Here moet dien. By sy wederkoms sal Hy alle mense oordeel of hulle alleen maar “die gewone” of “die buitengewone” gedoen het! Hy sal hulle oordeel ooreenkomstig hulle trou of ontrou.

(2) Christene moet weet hoe hulle moet wees.

Elke Christen het die verantwoordelikheid (plig) om die opdrag wat God aan hom toevertrou het op die aarde met trou uit te voer. Nie alleen Christenleiers en Christenleraars, maar ook alle gewone Christene het van Jesus Christus ’n spesifieke opdrag (taak) gekry. Jesus Christus verwag dat alle Christene die wil van die Here sal uitvoer en ook sorg sal dra vir mense in nood.

By die wederkoms van Christus sal Jesus Christus ook spesifieke take aan troue Christene op die nuwe aarde toevertrou (Lukas 19:17,19). Hy sal sê. “Mooi so, jy is ’n goeie slaaf! Omdat jy in ’n saak van min belang getrou was, kry jy nou die bestuur oor tien stede.” Elke taak op hierdie aarde en op die nuwe aarde sluit aan by die individuele persoonlikheid van die dienaar en by sy trou op die aarde.

Die talente (vermoëns en geleenthede/kanse) wat God gee, moet gebruik en ontwikkel word (Matteus 25:15) en die tyd moet uitgebuit word (Efesiërs 5:16). Niemand het die reg om lui te wees en niks te doen nie. “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie” (2 Tessalonisense 3:10). Niemand het die reg om alleen maar vir homself te lewe nie (Lukas 9:23)! Christene moet vir God lewe. “Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van

God” (1 Korintiërs 10:31). “Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red” (1 Korintiërs 9:22).

Christene word “God se medewerkers” genoem (1 Korintiërs 3:5-9). Wat ’n voorreg om te weet dat elke medewerker van God ’n spesifieke taak in God se Koninkryk gekry het om binne die geheel van sy plan op die aarde uit te voer!

Maar wanneer Christene dien, behoort hulle nie te dien met die houding van ’n slaaf nie: met teësin doen wat van hulle gevra word. Die houding van ’n slaaf kry in die koninkryk van God geen aanbeveling nie. Christene behoort volkome vrywillig, met hulle hele hart en met ywer te doen wat van hulle gevra word. Hulle dien met ’n gees van liefde, lofprysing en dankbaarheid. Hulle dien met ’n nederige houding sonder om ’n aanbeveling, beloning lof of dank te verwag. Hulle dien met ’n opregte houding uit vrees vir God. Hulle dien mense op die aarde asof hulle God dien! *Die koninkryk van God word gekenmerk, nie deur die gewone (wat verplig word) te doen nie, maar deur die buitengewone te doen! Die burgers van God se koninkryk doen méér dan alleen maar hul plig. Hulle doen die buitengewone! Hulle doen wat ander nie wil of kan doen nie, omdat dit noodsaaklik is dat hierdie dinge gedoen word!*

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die slaaf wat niks verdien nie” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Jeremia 15, 17, 18 en 23**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. **(4) God se wysheid. Jakobus 1:5**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 12:1-21**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.